

JESUS DID NOT LIVE IN
REACTION TO THE DEVIL,
HE LIVED IN RESPONSE
TO THE FATHER.

- Bill Johnson

RIETFLUIT REDAKSIE & ADMINISTRASIE

Vir enige navrae oor advertensieplaasing, getuienis, voorstelle of nuus oor u bediening, stuur gerus 'n e-pos vir Ilze du Plessis by ilzedples@gmail.com.
Kontak nommer is 0721113100



JAARTEMA:
Saam met Jesus...

Februarie 2019

Goeiedag Liewe Lidmaat

Die jaar het skaars begin en ons is almal reeds aan die hardloop. In die proses, al is ons al 'n maand in die nuwe jaar in, het ons nog nie (ordentlik) uitgekom by die paar goeie voornemens wat ons ten opsigte van 2019 geneem het nie. Of ons het reeds al daarvan vergeet of moed daarmee opgee.

Die voornemens ten opsigte van meer oefening, reg en gesonder eet, meer water drink, ens. kry reeds nie die nodige aandag in die oorvol programme nie. Wel, soms is die "gebrek aan tyd" eintlik net 'n verskoning vir luiheid! Die vraag is eintlik nooit of jy *tyd* het vir iets nie, **maar hoe groot *priori*-tyd** 'n **spesifieke saak vir jou het**. As dit genoeg prioriteit geniet, sal jy die tyd vind om daarby uit te kom.


Ek hoop van die ander dinge waarvoor julle hoop in 2019, kom ook waar: betroubaarder motor, groter/beter leefruimte, soeter kinders, makliker skoonma, beter werkgewer/werk, vriendeliker bure...

Mag ons ook hierdie jaar ingaan met die hoop dat ons steeds so bevoorreg sal wees dat die Here vir ons die *Fisiese nood-saaklikhede* bly gee waarsonder ons nie kan nie. Sommige webwerwe op internet verwys na 4 sake waarsonder mens nie kan lewe nie, en ander verwys na 6: skoon water, skoon lug/suurstof, genoeg kos, lig/hitte, genoeg kwaliteit slaap en beskutting

Ons Visie: Deur Christus-liefde gee ons vir almal om

("shelter")/woonplek waarbinne jy teen die natuurelemente beskerm word.

Op 'n webwerf lees ek die volgende: *In extreme conditions a human can survive 3 weeks without food, 3 days without water, only 3 hours without shelter (as jy jou bv. in 'n situasie met erge koue of hitte of te midde van 'n storm bevind) and only 3 minutes without air.*



Liewe lidmaat, mag ons ook hierdie jaar ingaan met die hoop en wete dat ons so bevoorreg is dat die Here ook vir ons die Geestelike noodsaaklikhede wat ons het, sal bly gee.

HY KAN, want Hy is die een wat dit gee, Hy *is* dit in Sy Persoon. Hy sê in die Bybel:

Ek is die Lewende water (lees o.a. die belofte in Joh 6:35b);

Lewe/aseem/lewensasem word deur My gegee (Lees Genesis 2:7);

Ek is die Brood wat lewe gee (o.a. Johannes 6);

Ek is die lig wat die duisternis van die wêreld verdryf (o.a. Johannes 1);

Ek is jou rots en jou beskutting (Lees die Psalms);

Ek slaap nie en ek sluimer nie in nie (Psalm 121:3 en 4).

Broer/Suster, mag jy die Here se fisiese en geestelike versorging asook Sy nabyheid in hierdie jaar op grootskaal raaksien en beleef.

Groete in Jesus Naam, Hy wie die Weg, die Waarheid en die Lewe is.

Ds Leon Tai T

Dagboek van 'n Bybel

JANUARIE: 'n Besige tyd vir my. Die meeste van die familie het 'n Nuwejaarsvoorneme gemaak om my die jaar deur te lees. Hulle het my nogal besig gehou vir die eerste twee weke, maar hulle het my reeds klaar vergeet.

FEBRUARIE: Skoonmaak tyd vir my. Ek was gister afgestof en weer gebêre op my normale plek op die boekrak. My eienaar het my darem verlede week 'n paar minute gebruik. Hy was in 'n argument met die buurman en het 'n paar verwysings gesoek om sy standpunt te staaf en te bewys dat hy reg is.

MAART: Het 'n besige dag gehad die eerste dag van die maand. My eienaar is verkies tot voorsitter van die skool se beheerliggaam en het my gebruik om sy toespraak voor te berei.

APRIL: Oupa het ons die maand besoek. Hy het my op sy skoot gehou vir 'n uur lank terwyl hy 1 Petrus 5 gelees het. Dit lyk of hy baie meer van my dink as die meeste van my eie huismense.

MEI: Ek het 'n paar groen vlekke op my bladsye. Van die laaste herfs blommetjies is tussen my blaaie geper.

JUNIE: Ek lyk soos 'n plakboek. Hulle het my vol koerant uitknipsels geprop – een van die dogters het getrou.

JULIE: Hulle het my vandag in 'n tas gepak. Ek vermoed ons is oppad met vakansie. Ek wens ek kon eerder by die huis gebly het want ek weet ek gaan twee weke in die bedompige tas bly.

AUGUSTUS: Nog steeds in die tas.

SEPTEMBER: Uiteindelik weer terug op my ou bekende plek op die boekrak. Ek het heelwat kuiergaste. Twee vrouetydskrifte en vier strokiesprentboeke is bo-op my gestapel. Ek wens ek kon so baie soos hulle gelees word.

OKTOBER: Hulle het so stukkies uit my gelees vandag. Een van hulle is baie siek. Tans sit ek in die middel van die koffietafel. Ek dink die predikant kom seker vandag huisbesoek doen.

NOVEMBER: Terug op my ou plek in die boekrak. Iemand het vandag gevra of ek 'n plakboek is.

DESEMBER: Die familie is besig om reg te maak vir die vakansiedae wat voorlê. Ek vermoed ek sal weer toegegooi word onder geskenkpapier en pakkies....soos wat elke Kersfees gebeur

Verwysing: <http://www.ngkerkmorgloed.co.za/images/Mosterdsaadtyjies/mosdes2017.pdf>



Die Jeug Taakspan vir 2019

'n Groot welkom en voorspoed vir die jeugwerk wat voorlê vir die nuwe span van 2019.

Jeug Leraar: Landi Botha (079 182 2387)

2018 Belydenisklas: Ilze du Plessis (072 111 3100)

2019 Belydenisklas: Elsa van Eck (082 468 0722)

Gr10: Ryno de Blanché (082 944 7386)

Gr9: Marlene Pretorius (071 032 6047)

Gr8: Bevan Muller (071 365 1393)



---- DATUMS VAN BELANG ----

- ♦ **2 Feb:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **3 - 24 Feb:** Bewusmaking van Kerk & Sendingaksies
- ♦ **22 Feb:** Sendingete om 18:30
- ♦ **24 Feb:** Youthbash om 18:00
- ♦ **2 Maart:** Moot Care Karwas en Mark
- ♦ **9 Maart:** Kerk - Basaar
- ♦ **10 Maart:** Dr Johan Smit om 9:00
- ♦ **15 Maart:** Skole Sluit

Sien jou daar!



Bydrae vir Jeugwerkerkursus

'n Jong man van ons gemeente is entoesiasties om as Jeugwerker te studeer, maar benodig fondse vir die klasgeld. Dis deeltydse studies vir 2 jaar.

Enige bydra sal baie waardeer word.

Merk koevert of EFT betaling as "Jeugwerkkursus" asb.

Vir meer info kontak Ds. Leon v Heerden.



DIENSGETUIENIS-BEDIENING

SENDINGFEES 2019

10 - 24 Februarie

10 Feb: Bewusmaking van Barmhartighedsaksies

17 Feb: Bewusmaking van Sendingaksies

24 Feb: Onderneming t.o.v. Dankoffers, Barmhartigheid, Geloofsofferbelofte en Sending.

Vrydag 22 Februarie 18:30 SENDINGETE

Six Little Stories

1. Once upon a time, all the villagers decided to pray for rain, on the day of prayer all the people gathered, but only one boy came with an umbrella.

That's FAITH

2. When you throw a baby in the air, it laughs because it knows you will catch it.

That's TRUST

3. Every night we go to bed, without any assurance of being alive the next morning, but still we set the alarms to wake up.

That's HOPE

4. We plan big things for tomorrow in spite of having no knowledge of the future.

That's CONFIDENCE

5. We see the world suffering, and marriages breaking, but still we get married.

That's LOVE

6. On an old man's shirt was written a cure sentence, 'I am not 60 years old, I am sweet 16, with 44 years experience.'

That's ATTITUDE

**Every Weakness
you have is an opportunity
for God to show
His strength in your life.**

My grace is sufficient for you, for my power is made perfect in weakness.

2 Corinthians 12:9

Geloon in die Mood
Dr René Hornby
audiologists • audioloog
B.Log IV & M.Communication Path (UP), Rem Dipl (RAU), Doctor of Audiology (A.T. Still USA)

Skakel gerus vir:

- Volledige gehoortoetsing vir alle ouderdomme.
- Verskaffing van gehoorapparate, opleiding en nasorg.
- Verskaffing van swemproppe en gehoorbeskermers.
- Hantering van tinnitus (suising).

Rietfontein & Les Marais Praktyke
012 331 4469